

Hoofstuk van die dag: Numeri 1

Altesaam was die getelde Israeliete 603 550. (vers 45)

Die getal weerbare Israeliete het geleerdes al lelik laat kopkrap. Saam met die vroue, kinders en slawe sou hulle dan tussen 2 en 3 miljoen mense wees.

Dis nie só ver van Egipte na Kanaän nie. Met 2 miljoen mense sou die voorste groep al in Kanaän aangekom het voordat die laaste klomp uit Egipte kon vertrek. Daarom sê party geleerdes dat ons nie die getal letterlik kan opneem nie. Ander meen dat ’n veel latere sensus-opname (bv uit Dawid se tyd) gebruik is. Dit is ook moontlik dat die Hebreeuse woord “duisend” eerder ’n groep mense (bv familiegroep) kan beteken.
In elk geval is so ’n groot getal mense in die woestyn net nie prakties moontlik nie. As jy die sewentig nakomelinge van Jakob wat Egipte toe is, as basis gebruik, was die Israeliete ten tyde van die uittog waarskynlik ongeveer tien duisend. Dit maak meer sin, ook organisatories, as die Israeliete minder was.
Ons sal nooit weet wat die skrywer met die groot getal bedoel het nie. Dalk was dit bloot ’n manier om ons te laat verstaan hoe groots die uittog was. Dit was God se werk, en God is groter as wat ons dink!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026